

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is,
en Ek sal vir julle rus gee" Matteus 11:28

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Rus: meer as net ophou

Die woord rus lyk eenvoudig, maar dra 'n besondere betekenis. As selfstandige naamwoord is rus iets wat ons ontvang en nodig het: "Ek het rus nodig." As werkwoord word dit 'n handeling en 'n keuse: "Ek rus." Die byvoeglike naamwoord rustig beskryf weer 'n mens, plek of gemoedstoestand. In ons geloofstaal kry die woord selfs verdere betekenis: ons kan by God berus, en deur Hom toegerus word vir die lewe.

Rus is daarom veel meer as slaap, vakansie of niksdoen. Ons het fisiese rus nodig sodat die liggaam kan herstel en nuwe energie kan opbou. Ons gedagtes het rus nodig om helder te kan dink, te onthou en te onderskei. Emosionele rus help ons om spanning te verwerk en weer met geduld en deernis teenoor ander te leef. Geestelike rus ontstaan wanneer ons ophou probeer om alles self te beheer en ons lewe weer aan God toevertrou.

Die Bybel stel rus nie teenoor verantwoordelikheid nie. Rus is nie luiheid nie. God werk en God rus. Genesis vertel dat Hy ná die skepping gerus het—nie omdat Hy moeg was nie, maar omdat sy werk voltooi en goed was. Eksodus maak rus deel van die lewensritme van God se volk, terwyl Psalm 23 dit as 'n gawe van die Herder beskryf: "Hy laat my rus in groen weivelde … Hy gee my nuwe krag."

Augustinus skryf treffend:

*"Ons harte is rusteloos totdat hulle rus vind in U."*

Rus jou liggaam. Maak jou gedagtes stil. Lê jou laste neer. Berus jou lewe by God – en staan weer toegerus op.

Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Rus wat nuwe krag gee

Rus vorm ’n belangrike draad deur die hele Bybel. Reeds aan die begin van die skeppingsverhaal lees ons dat God op die sewende dag gerus en dié dag geheilig het. God se rus is nie die gevolg van moegheid nie; dit verkondig dat sy skeppingswerk voltooi, goed en veilig in Sy hande is.

Daarom gee God ook aan mense die opdrag en gawe van gereelde rus. Die Sabbat herinner ons dat ons nie masjiene is nie en dat die wêreld nie deur ons inspanning alleen aan die gang gehou word nie. Ons mag ophou, asemhaal, aanbid en vertrou.

Psalm 23 gee aan rus ’n persoonlike beeld: die Here is die Herder wat die groen weiveld voorberei, sy skape na waters van vrede bring en nuwe krag gee. Ware rus is dus nie bloot ’n plek of ’n dag nie; dit is om veilig te wees in die sorg van God.
Jesus verdiep hierdie uitnodiging wanneer Hy sê:

*“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”*

Hierdie Augustus word ons genooi om te rus – tuis, op vakansie, in stilte en gebed, in die erediens en saam met medegelowiges. Gebed bring ons weer in aanraking met God se teenwoordigheid, doel en krag.

Kom rus jou hart, maak jou kop stil en ontvang nuwe krag vir die pad wat voorlê.


Andre

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •AUGUSTUS 2026

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


TIENER NAWEEK
GEMEENTE BRAAI
NICKLEBLACKS
THE GARDEN BEHIND THE CHURCH
“KLEIN DADE, GROOT SEËNINGE”
KONTAK ONS


## Jy’s Uitgenooi!

Kom deel in ’n onvergeetlike Tienernaweek
vol lofprysing, vriendskap, speletjies en ware ontmoeting met God.

4-6 September 2026
Oakwood Youth Challenge, RG40 3DA
Bring jou energie, jou vrae, jou vriende —
en jou hart wat oop is vir wat God wil doen.
Ons sien uit om hierdie betekenisvolle naweek saam met jou te beleef.

Bespreek sommer dadelik jou plek

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gemeentebraai











LEKKER







SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gemeentebraai







VIVA
TAALKLEINOOD

**braai**

ww. in 'n pan of oor vlamme/kole
met droë hitte gaarmaak
s.nw. geselligheid waarby vleis
in die buitelug gebraai word.

Nederlands: *braden* [gaarmaak oor vuur]
Oudhoogduits: *bratan*
Oudfries: *brēda*
Oudengels: *brædan*

Bron(ne): 2017-AWS; EWA; HAT; WAT











SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gemeentebraai























# Nickleblacks

Foto's en terugvoer van almal wat die konsert bygewoon het.




'.....Ons het Jo En Refentse se vertonings vreeslik geniet, hulle het die 'heatwave' warmer gesing!'







'Amazing show! Dit was so lekker om 'n bietjie van "huis" te kon beleef sommer hier op ons voor stoep en dit saam met ons kinders te deel.'





'...Die vertoning het letterlik én figuurlik gekook – op 'n snikhete somersaand in Nuneaton was Jo Black en Refentse aan die brand, en ons het heerlik geluister, saamgesing en gekuier!'



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Nickleblacks

Foto's en terugvoer van almal wat die konsert bygewoon het.













..Die konsert was fantasties en lekker.
Mense het dit geniet....







'n Asemrowende, inspirerende, merkwaardige Afrikaanse ervaring!



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Nickleblacks

Foto's en terugvoer van almal wat die konsert bygewoon het.

'…Was baie lekker gewees om bietjie van SA hier in ons buurt te kan hê.
Het baie lekker gekuier in Afrikaans'






"Blêrrie lekker"












# The garden behind the church

**Erkenning: The Christian heart**

After my wife passed away, the world felt unbearably quiet. She loved gardening more than anything: roses, daisies, tomatoes, even the stubborn little herbs that never co-operated. We used to tend them together on Saturday mornings, coffee cups in hand, talking about everything and nothing. When she was gone, I didn't know what to do with my hands. Grief makes time slowdown in the cruelest way.

Behind our church was a small plot of land no one really paid attention to. The weeds were winning, the soil was tired, and the place looked about how I felt. One morning, without really thinking, I grabbed her gardening tools and walked down there, I told God quietly, "If You can use my hands, here they are."

So, I started watering, pulling weeds, turning soil and planting a few flowers she used to love. It became my morning routine. Not a grand ministry, just a way to breathe when the house felt too empty.

A few months later, a teenage boy wandered back there. He was angry, hurting, and skipping youth group again. He watched me for a minute before asking, "Need help?" I handed him a trowel.
We didn't talk much at first. Just worked side by side. But over time, he told me about his struggles: trouble at home, trouble at school, and trouble believing God cared at all. I didn't preach to him. I just listened. And every day he showed up, I saw a little more light coming back into his eyes.
One morning he said, "I like it here. It feels peaceful." I nodded, because I felt it too.

Weeks passed, and that small forgotten garden turned into something beautiful - not because of me, but because God met us both there. The church started using the space again. People took pictures, kids played tag, and families lingered after service.

But the real miracle was that boy. He joined youth group again, started reading Scripture, and told me he felt hopeful for the first time in years.

I thought God had taken everything from me, but He took my grief and turned it into a place where someone else could heal. Sometimes the garden isn't just soil. It's restoration.



(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • AUGUSTUS 2026

# “Klein Dade, Groot Seëninge”

Ons kan nie almal help wat oor ons pad kom nie...

maar as elkeen van ons net één persoon help, troos, bemoedig, inspireer, oplig, gelukkig maak, hul lyding verlig of hulle onder ons vlerk neem, dan sal almal uiteindelik gehelp word.

Ons moet weer kies om iets te doen wat groter is as ons, iets wat ons leer om nederig en dankbaar te wees.

Dit voel soms klein — ’n eenvoudige gebaar, ’n kort woord, ’n stil daad — maar vir iemand anders kan dit die wêreld beteken en hul wêreld vir altyd verander.

Mohammad Ali het gesê:

*“Service to others is the rent you pay for your room here on earth.”*

Mag dit ook van ons waar wees in hierdie vakansietyd.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

2 AUGUSTUS EREDIENS 10 UUR
9 AUGUSTUS  HUISKERK 9 UUR
16 AUGUSTUS HUISKERK 10 UUR
23 AUGUSTUS HUISKERK 9 UUR
30 AUGUSTUS HUISKERK 9 UUR



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Hoe kan jy 'n bydra maak?**

**Jy kan 'n *Standing order* op jou bankrekening opstel.** Gebruik onderstaande bankbesonderhede.

**Om 'n direkte inbetaling te maak- gebruik die bank besonderhede:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en ons wyk (Birmingham).**

**Give a Little:** Skandeer die QR kode of kliek op die skakel en volg die instruksies.

https://givealittle.co/c/5Om192JWHtOfWO5ec31wGX

**Onthou om 'Ja' te merk by gift aid**

**Baie dankie vir jou bydra. Jou ondersteuning maak dit moontlik om ons roeping uit te leef en 'n verskil in ons gemeenskap te maak.**

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande